Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
JUNIE 2025

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

OVERSTRAND VERWELKOM NUWE BURGEMEESTER

Rdl. Archie Klaas, 'n boorling van Zwelihle en alumnus van Hawston Sekondêr, is op 12 Mei 2025 as Uitvoerende Burgemeester verkies. Hy het in 2003 'n graad in bemarking aan KSUT verwerf en sy bewese leierskapservaring op die terrein van plaaslike regering, mees onlangs as Speaker van die Overbergdistriksmunisipaliteit, strek oor bykans 'n dekade.

Waarnemende Burgemeester Lindile Ntsabo het teruggekeer na sy rol as onderburgemeester. Tot verdere kennisgewing sal rdh. Grant Cohen steeds as Speaker dien, en die huidige burgemeesterskomitee bestaande uit rdh. Arnie Africa, rdl. Ronald Nutt, rdh. Lindile Ntsabo en rdl. Stephen Williams sal onveranderd bly.

MOENIE UITSTEL NIE

Beveilig jou eiendom nóú teen swaar reën!

Met die winter en die reënseisoen op hande, doen Munisipaliteit Overstrand 'n beroep op inwoners om hulle deeltjie te doen om te help om oorstromings en waterskade te voorkom.

Huiseienaars word aangemoedig om hul geute, afvoerpype en stormwater-dreineervore na te gaan om te verseker dat watervloei tydens swaar reën nie belemmer word nie.

Hou in gedagte dat geblokkeerde stelsels nie net onnodige skade aan jou huis kan veroorsaak nie, maar ook addisionele druk op munisipale infrastruktuur sal plaas.

Op sy beurt gaan die munisipaliteit sy jaarlikse winter-instandhoudingsprogram begin wat die skoonmaak van stormwaterstelsels en die verwydering van verstoppings in dreineringsvangpunte behels, sowel as om seker te maak dat sleutelinfrastruktuur slaggereed is om seisoenale eise die hoof te bied.

Inwoners word daaraan herinner dat alle dienslewerings-aangeleenthede enige tyd van die dag of nag gerapporteer kan word deur die noodnommer vir munisipale dienste **028 313 8111** te skakel of deur van die Overstrand Collab Citizen App gebruik te maak.

Vir algemene munisipale navrae, kontak asseblief die skakelbord by **028 313 8000** of stuur 'n e-pos na **enquiries@overstrand.gov.za.** In geval van 'n brand of reddingsnoodgevalle, bel **028 312 2400**.

BUITELANDSE FEITESENDINGS UITERS LEERSAAM

In die afgelope paar maande het die eer Munisipaliteit Overstrand te beurt geval om afvaardigings van wyd en syd te verwelkom wat juis hierheen gekom het omdat hulle wou uitvind waaraan hierdie plaaslike owerheid se sukses toe te skryf is en hoe, ondanks skynbaar onoorkomelike hindernisse, die munisipaliteit steeds daarin slaag om die boeke te laat klop.

WYKSKOMITEESTELSEL BEÏNDRUK DEENSE AFVAARDIGING

Vroeg in Mei het die burgemeester van Lemvig, Erik Flyvholm, en 'n verteenwoordiger van DTA (die Deense belastingsagentskap), Ole Sørensen (albei lede van Venstre, Denemarke se liberale party) besoek aan Overstrand gebring.

Aangesien Munisipaliteit Overstrand alom erkenning as "'n munisipaliteit wat werk" geniet, wou hulle veral meer te wete te kom oor hoe die raad sy ordelys bepaal en op die begroting besluit.

Die afvaardiging is deur Overstrand se Waarnemende Uitvoerende Burgermeester, rdh. Lindile Ntsabo, Speaker Grant Cohen, en Wyk 10-raadslid, Theresa Els, verwelkom wat almal groot moeite gedoen het om te verduidelik hoe wykskomitees funksioneer en die allerbelangrike rol wat hulle vervul deur dit vir gemeenskapslede moontlik te maak om direkte inspraak in besluitnemingsprosesse te hê.

Kortom, almal wat verteenwoordiging op 'n wyskomitee geniet, kan kwessies deur hul wyksraadslid opper. Daardie kwessies word dan na die tersaaklike portefeuljekomitee verwys wat, na behoorlike oorweging, die aangeleentheid na die burgemeesterskomitee vir bespreking en moontlike ter tafel legging in die Raad verwys.

As 'n bykomende bonus, aangesien sy ook as Munisipaliteit Overstrand se verteenwoordiger op die Raad van die Overbergdistriksmunisipaliteit dien, het raadslid Els van hierdie geleentheid gebruik gemaak om ook te verduidelik hoe die verhouding tussen Munisipaliteit Overstrand en die distriksmunisipaliteit in die praktyk werk en die voordele wat beide uit hierdie samewerkende reëling put.

Benewens om die Deense delegasie op 'n warrelwindtoer van Hermanus se aanloklikhede te trakteer, het hulle ook die geleentheid gehad om die Preekstoel-waterbehandelingsaanleg te besoek. Hierdie fasiliteit, die eerste van sy soort in Suid-Afrika, maak gebruik van 'n gespesialiseerde bio-filtreringsproses om 'n vermeng van water wat uit boorgate en die De Bos-dam onttrek word, te behandel.

UITRUIL VAN INSIGTE EN DEEL VAN INNOVERENDE OPLOSSINGS TER VERSTERKING VAN PLAASLIKE REGERINGS ORAL IN AFRIKA

In die loop van April het 'n afvaardiging van die Ethiopiese regering en verteenwoordigers van die Wêreldbank besoek aan Overstrand as deel van 'n kennisuitruilingstoer gebring.

Overstrand se Waarnemende Uitvoerende Burgemeester, rdh. Lindile Ntsabo, het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om die gekompliseerde aard van plaaslikeregeringsbestuur in Suid-Afrika te verduidelik.

"Een van die grootste uitdagings waarmee ons te kampe het, is die hoogsgereguleerde aard van plaaslike regering. Anders as sakeondernemings, kan ons plaaslike regering nie as 'n sake-entiteit bedryf nie, veral nie in die finansiële sektor nie. Ons word beheer deur streng regulasies en reëls wat ontwerp is om ons teen korrupsie te beskerm. Ongelukkig is korrupsie egter steeds een van ons grootste uitdagings."

Hy het ook vlugtig verwys na die opdraande stryd van buitelandse burgers wat na Suid-Afrika gekom het in die geloof dat hulle hier veilig sal wees en 'n bestaan sal kan maak. "Selfs al is jy 'n buitelander, as jy bewys kan lewer van jou wettige status in die land, behoort niks jou te verhoed om 'n spazawinkel oop te maak of 'n besigheid te begin nie. Eerder as om in jou pad te staan, moet ons ons bes doen om jou as broer uit Afrika by te staan," het hy gesê.

"Op die keper beskou, behoort ons mekaar te ondersteun en beste praktyke te deel aangesien ons, as mede-Afrikane, onder 'n verpligting staan om Afrika as 'n kontinent te versterk en op te bou," het Ntsabo ter afsluiting gesê.

Veilige wegdoening met inspuitbare medikasie

Gebruikte mediese items soos spuitnaalde is nie herwinbaar nie en hou 'n ernstige gesondheidsrisiko in vir vullisverwyderaars en herwinningswerkers. Inwoners wat inspuitbare medikasie (bv. vir diabetes) gebruik, word vriendelik daaraan herinner dat daar nie met mediese afval as algemene afval (d.w.s. in 'n swart sak) mee weg gedoen moet word nie, en ook nie as herwinbare items in 'n deursigtige sak nie.

Hoe om veilig met gebruikte spuite weg te doen:

- Neem gebruikte spuitnaalde terug na die kliniek of apteek wat dit geresepteer het aangesien hulle oor 'n houer sal beskik wat geskik is vir veilige wegdoening met sogenaamde "sharps".
- 'n Ander alternatief is om die spuitnaalde aan jou naaste hospitaal vir veilige wegdoening te besorg.

Kragdeurvoeringsbeleid



Tekenend van Overstrand se voorneme om 'n groener, skoner en veerkragtiger kragstelsel tot voordeel van die gemeenskap daar te stel, het die Raad 'n kragdeurvoeringsbeleid goedgekeur wat plaaslike kliënte in staat sal stel om hernieubare krag (soos son- of windkrag) direk via die munisipale kragnetwerk van onafhanklike produsente aan te koop.

Hierdie is 'n beduidende stap weg van fossielbrandstof en 'n stap nader aan gediversifiseerde kragvoorsiening wat tegelyk ook Overstrand se afhanklikheid van Eskom sal verminder.

Die kragdeurvoeringsbeleid (in Engels "Wheeling Policy") is beskikbaar op www.overstrand.gov.za > Policies.

OVERSTRAND "ONBEPERK"
SKITTER BY HANDELSKOU

DIE AFRIKA-REISINDABA is 'n ikoniese handelskou vir die toerisme- en reisbedryf wat jaarliks in Mei deur SA Toerisme aangebied word. Vanjaar het 1,300 uitstallers en 400 kleinsakeondernemings komende van 27 lande uit Afrika hul ware ten toon gestel aan ongeveer 1,000 aankopers wat die indaba namens sommige van die wêreld se gesogste toerisme-operateurs bygewoon het.

Geïnspireer deur die tema "Africa Unlimited", het Overstrandtoerisme en verskeie plaaslike operateurs wat hulle op die gasvryheid- en toerismebedryf toespits hierdie geleentheid benut om Overstrand se ryke kulturele erfenis toe te lig sowel as om belangstelling te prikkel in daardie juweeltjies wat al langs die suid-westelike Kaapse walviskus wag om ontdek te word.

Gegewe dat daar na hierdie geleentheid as 'n "indaba" verwys word, strek hierdie handelskou se impak veel verder as 'n blote geleentheid om aanbiedinge "ten toon te stel": Vóór die driedaelange tentoonstelling open, word uitstallers en toerisme-operateurs die geleentheid gegun om vir 'n dag lank te "netwerk" – 'n dag wat van onskatbare waarde is aangesien plaaslike operateurs meer te wete kan kom oor hoe tendense in die wêreldwye toerismemark tans daar uitsien en tegelyk ook kennis en insigte op 'n plaaslike vlak kan uitruil.

'n Kosbare oomblik: Ooglopend het dr. Ivan Meyer (Wes-Kaapse minister van landbou en 'n gasspreker by die indaba) die geleentheid om skouer te skuur met Hermanus se ikoniese walvisroeper, Silize Kuka, terdeë geniet. Hartlike dank aan almal wat daartoe bygedra het om Overstrand se stempel op die handelskou af te druk. Hier verskyn maar net 'n paar van die sterre wat daar uitgeblink het: Thys Geyer (Romansbaai Collection), Leoni McFarlane en Madeleine Smuts (Windsor Hotel, Hermanus), Cari Roets (Marine Dynamics) en Adinda Jantjies (Overstrandtoerisme). Baie dankie ook aan Lee Matwa van White Shark Projects [insetsel] wat dié oomblik op kamera vasgelê het.

VORDERINGSVERSLAG OUDIT VAN ELEKTRISITEITSMETERS

Die omvattende oudit van alle elektrisiteitsmeters in sekere munisipale areas (d.w.s. Groter Hermanus en Kleinmond) gaan steeds voort en sal volgens skedule tot 30 Junie 2026 duur.

Hierdie oudit dek alle koopkrag en konvensionele elektrisiteitsmeters wat deur Munisipaliteit Overstrand verskaf is sowel as eenhede wat geisers outomaties beheer ***maar sluit meters wat deur Eskom verskaf is, uit.***

Tot op hede is oudits in die volgende areas reeds afgehandel:

- Hawston
- Zwelihle
- Sekere areas van Mount Pleasant
- Sekere areas van Hermanus

Gedurende hierdie inspeksies is 'n aantal meters waarmee gepeuter is, geïdentifiseer en ooreenkomstig munisipale prosedures mee gehandel.

Gemagtigde inspekteurs/Veldtegnici

Spectrum Utility Management (SUM) is die enigste diensverskaffer wat deur die munisipaliteit aangestel is om hierdie oudits uit te voer. Nie te lank gelede nie het SUM 'n sleutelrol vervul deur hulp aan die munisipaliteit te verleen sodat die TID-sagteware op alle munisipale koopkragmeters suksesvol vóór die oorrol opgegradeer kon word. Hierbenewens het SUM die munisipaliteit ook ondersteun met die afgradering van die meters van daardie huishoudings wie se aansoeke om deernishulpstatus goedgekeur is.

SIMSON KGOMO	GOODWILL TSHANDU	JIMMY TSOAGONG	MASIXOLE MAJARANA	LUVO TUTU	LUTHO SIYANDIBA	HERMAN BEKKER

Herman Bekker (meteroudit en kredietbeheer) is die oorhoofse toesighouer oor die twee spanne wat onderskeidelik in Hermanus en Kleinmond ontplooi is. Die span in Hermanus bestaan uit Bakhe Simson Kgomo, Goodwill Lwandile Tshandu, Jimmy Ramotsokai Tsoagong, Masixole Majarana en Luvo Tutu, terwyl Simson Kgomo, bygestaan deur Lutho Siyandiba, die oudits in die Kleinmond-area behartig.

Ingevolge munisipale verordenings het alle gemagtige inspekteurs/veldtegnici die reg om toegang tot eiendomme te verkry en om elektrisiteitsmeters te inspekteer.

Wees bedag: Beperk toegang tot jou perseel deur op magtiging aan te dring

Inwoners se aandag word weereens daarop gevestig dat toegang tot hulle persele slegs verleen moet word aan gemagtigde tegnici en inspekteurs wat 'n amptelike identifikasiekaartjie, soos uitgereik deur Munisipaliteit Overstrand, kan toon.

As jy enigsins twyfel oor die geloofwaardigheid van 'n inspekteur, bel 028 313 8000 of bel die elektrisiteitsdepartement direk by 028 316 5600 vir verifiëring.

Let ook daarop dat inspekteurs geen betalings hoegenaamd mag aanvaar nie.

Hulle mag ook nie private werkies vir inwoners verrig nie.